

LOGIX SUIWEL ELITE TOEKENNINGS 2025

LOGIX

Weskaap
Chanelle Steenekamp

Jersey
350989



NUMON JERSEYS

Eienskap	Beskrywing	Kudde Waarde	Kudde Punt	Max Punt	
AANTEKENINGE					
		Afdeling Totaal	83.5%	66.8	80
Koeie in Melk	Gemiddelde aantal koeie in melk	80	2	15	
Aantal melk toetse	Aantal amptelike melk toets gedoen tydens die Elite kompetisie jaar	10	30	30	
Stamboom volledigheid	Persentasie aktiewe diere in die kudde waar beide ouers bekend is	99.5%	34.8	35	
PRODUKSIE					
		Afdeling Totaal	60.4%	87.6	145
Melk Produksie	Gemiddelde melk produksie	14.4 kg	9.8	35	
Melk Vastestowwe	Gemiddelde vastestowwe soos aangeteken in melktoetse	9.10 kg	6.6	10	
Laktasie lengte	Gemiddelde laktasie lengte	298 d	9.8	10	
Ouderdom Eerste Kalf	Gemiddelde ouderdom van eerste kalwings tydens Elite jaar	25.3 m	12	15	
Tussen-kalf Periode	Gemiddelde TKP tussen laaste twee kalwings	383.7 d	30	30	
Vers Konsepsie Tempo	Gemiddelde aantal strooitjies per konsepsie vir alle verse		0	10	
Koei Konsepsie Tempo	Gemiddelde aantal strooitjies per konsepsie vir alle koeie		0	10	
Somatiese Seltelling	Gemiddelde SST (x1000) soos aangeteken in melktoetse	253	7.4	13	
Gemiddelde DIM	Gemiddelde DIM van koeie in melk tydens melk toetse	186.4	12	12	
GENETIESE MERIETE					
Genetiese Vlak	Gemiddelde genetiese vlak van alle aktiewe koeie	103.5	76.6	145	
TOTAAL		62.4%	231	370	


LOGIX SUIWEL ELITE TOEKENNINGS 2025



SA Stamboek is 'n organisasie, aan die voorpunt van tegnologie in Afrika. Ons telers se diere is geteel om uiters goed aangepas en winsgewend te wees. Die volle siklus word gedek in die Logix Elite Kudde Toekenning: van die aantekeninge van die diere, reproduksie-doeltreffendheid tot die genetiese meriete van die kudde. Telers wat die nuutste dataversamelingstegniek naamlik Logix Sync gebruik, ontvang ook krediet daarvoor.

Die Logix Elite Kudde Toekenning identifiseer die top kuddes in Suid-Afrika. Die toekenning se vereistes is baie streng en die kuddes wat toekenning ontvang, is werklik uitstaande. Die kuddes wat 'n Platinum of Goue toekenning behaal is in die Top 10% van alle Suiwel kuddes in die land. Hierdie kuddes voldoen aan streng vereistes, sodat verseker word dat hulle werklik uitstaande is, reeds jare in die suiwelbedryf is en van die beste beskikbare tegnologie gebruik maak. Hulle diere beskik ook oor voortreflike prestasie. Punte word toegeken vir tydige en volledige metings en die suksesvolle gebruik daarvan, om bestuur en algemene winsgewendheid van die kudde te verhoog.

TOEKENNING



Platinum



Goud



Silwer



Brons



Meriete

Top 6 Kuddes

>70%

>60%

>40%

>30%

Top 10% van alle Suiwel Kuddes

Voldoen ook aan minimum vereistes:

- Minstens 3 jaar in die suiwelbedryf
- Vorige jaar se prestasie is Silwer of beter

Vir Platinum Toekenning

- Minimum kudde grootte van 100
- Ten minste 8 amptelike melktoetse voltooi

Top 25% van alle
suiwel kuddes oor
alle rasse wat
aanteken

Top 50% van alle
suiwel kuddes oor
alle rasse wat
aanteken

Meriete Kuddes

EVALUASIE PERIODE

Tensy anders vermeld, word alle gewigte en metings wat tussen **01 Mei 2024** en **30 April 2025** aangeteken is, geëvalueer. Reproduksie data is volgens die nuutste data wat beskikbaar was met die berekening van die punte.

Kuddes en Diere wat uitgesluit word uit die toekenning

- Kuddes wat **nie** aktief deelneem aan Logix Melk nie
- Opgeskorte kuddes

LOGIX SUIWEL ELITE TOEKENNINGS 2025



Aftik Lysie: Waarvoor word punte gegee?

Punte vir sommige afdelings word op 'n persentasie grondslag bepaal, waar die aantal diere wat wel gemeet is uit die moontlike aantal beskikbare diere, in aanmerking geneem word. Alle moontlike koeie moet dus aangeteken word vir maksimum punte.

Die tydigheid van die indien van data is ook belangrik, omdat dit nie die moeite werd is om koeie te meet en dan nie die data te gebruik om die kudde te verbeter nie.

Aantekeninge

1. Koeie in melk: Maak seker alle koeie in melk word aangeteken en dat geboortekennisgewings vroegtydig ingestuur word. Groter kuddes is moeiliker om te bestuur en verdien dus meer punte.
2. Melkaantekeninge: Laat so veel as moontlike koeie deelneem aan gereelde Melkaantekeninge. Volpunte word toegeken vir kuddes wat 10 of meer toetse voltooi in die Elite Jaar.
3. Ouerskappe: Sorg dat diere se stamboominsligting volledig is. Punte word toegeken volgens persentasie van aktiewe diere met volledige ouerskappe.

Produksie Doeltreffendheid

1. Produksie: Kuddes se gemiddelde melk en vastestof produksies word net vergelyk met kuddes van dieselfde ras en voedings regime. Punte word toegeken volgens die standaard afwyking van die kudde se gemiddelde produksie vanaf die ras en bestuursgroep gemiddeld.
 - Melk produksie: Daaglikse melk volumes word verkry gedurende amptelike Melkaantekeninge, asook weekliks melkgewigte wat ingestuur is d.m.v. LogixSync.
 - Vastestof Produksie: Gemiddelde vastestof produksie word net verkry d.m.v. melkontleding.
2. Laktasie Lengte: Maksimum punte word toegeken vir kuddes met 'n gemiddelde laktasie lengte tussen 300 en 340 dae, met net 1 punt wat toegeken word vir 'n gemiddeld onder 210, of bo 370 dae. Net voltooide laktasies van langer as 60 dae word ingesluit.
3. Ouderdom eerste kalwing : Volpunte word toegeken vir 'n gemiddelde OEK tussen 21 en 24 maande. Net eerste kalwings wat plaasgevind het tydens die Elite kompetisie jaar word ingesluit.
4. Tussen Kalf Periode: Volpunte word toegeken vir 'n gemiddelde TKP tussen 360 en 390 dae, en net 1 punt vir minder as 330 of meer as 420 dae. Die TKP vir elke koeie word bereken as die dae tussen haar laaste kalwing wat tydens die Elite kompetisie jaar plaasgevind het, en haar voorafgaande kalwing
5. Konsepsie-Tempo: Nuwe inseminasies en dragtigheidstoetse se uitslae word weekliks verkry vir kuddes wat deelneem aan LogixSync. Kuddes wat 'n gemiddelde konsepsie tempo van 1.2 of minder behaal het, kry volpunte. Verse en koeie word apart geëvalueer.
6. Somatiesse Seltelling : Kuddes wat 'n gemiddelde SST van 200 000 of minder het ontvang volpunte, terwyl geen punte toegeken word vir 'n gemiddeld van meer as 500 000 nie. Die kudde se gemiddelde SST word bereken vanaf amptelike Melkaantekeninge syfers.
7. Gemiddelde dae in melk : Kuddes se gemiddelde dae in melk soos aangeteken in amptelike Melkaantekeninge toetse, asook vanuit weeklikse LogixSync produksie-data. Volpunte word toegeken vir kuddes met 'n gemiddelde dae in melk tussen 170 en 190, met 1 punt vir 'n gemiddeld onder 90, of meer as 260 dae.

Genetiese meriete van die kudde

1. Bulle: gebruik bulle bokant die genetiese vlakke van jou kudde vir al die eienskappe waarvoor teelwaardes beskikbaar is.
2. Skot koeie met die laagste seleksie-indeks uit. Dit sal verseker dat jou kudde se gemiddelde seleksie-indeks hoër neig.